

## Untitled Document

Dit was in die rondgaande hof op 'n klein plattelandse plekkie, (jy kan tog nie 'n kerk, winkel/poskantoor, polisiestasieltjie, hofsaaletjie, eenmanskooltjie en 'n dieselpomp 'n dorp noem nie) dat dit gebeur het.

Die rondgaande hof was in sitting, soos dit op elke eerste Dinsdag van die maand die geval was. Van die groot dorp af het 'n jong prokureurtjie dié dag gekom om sy kliënt te verdedig. Mense van die omgewing het gehoor 'n prokureur kom 'n saak verdedig en die saaltjie was gepak – al 15 skoolsaalstoele was vol. Vermaak was maar skaars op dié plekkie.

Die kliënt is daarvan aangekla dat hy 'n skaap gesteel het en daar was 'n ooggetuie wat die hele beweerde voorval gesien het. Nou het die prokureurtjie op hoogdrawende wyse elke moontlike vraag op elke moontlike manier aan die getuie gevra en hom toe begin peper met: “Ek stel dit aan jou en ek stel dit aan jou.” Soos die saak aanloop het die prokureurtjie se vertoning al hoe meer dramaties geraak. Hy was duidelik bewus van sy gehoor se waardering vir sy optrede.

Maar ou landdros Schoombee was ooglopend minder met die langdradige vertoning ingenome. Hy was gewoon daaraan dat die sake in sy hof somer tjief-tjaf afgehandel word. Na die hofsitting was daar altyd genoeg tyd oor om oor 'n glasie of wat saam met sy ou vriend, die polisieersant van die plekkie, wat ook somer die aanklaer was, te kon kuier. Maar vandag het dit gelyk of die mannetjie in sy nuwe swart toga nooit wou einde kry nie.

Tussen die prokureurtjie se oordrewe handgebare en luide stem deur, kon jy kort-kort 'n duidelike “Gmmf” van ou landdros Schoombee daar voor hoor. Teen die tyd wat hy sy repliek begin lewer het, was die prokureurtjie al goed opgewen. Met sy regterwysvinger wat na die hemele wys het hy dit amper voor ou landdros Schoombie uitgeskree: “Dit is my submissie, edelagbare! Dit is my submissie dat hierdie getuie! Hierdie getuie voor hierdie hof hier vandag! Dit is my submissie dat hierdie getuie 'n ongelowige getuie is!

En dis toe dat ou landdros Schoombee, sonder om 'n oomblik te huiwer, antwoord: “Nou wat, jong man, wil jy hê moet ek daaraan doen? Ek is 'n vervlakste magistraat, man, nie 'n dekselse dominees nie.” Waarop hy voortgegaan en die veedief skuldig bevind het.

Uitlatings

En dit laat my dink aan ander ongewone uitlatings wat werklik in howe aangeteken is:

Prokureur: "Dié myastheria gravis, affekteer dit jou geheue?"

Getuie: "Ja."

Prokureur: "En op welke manier affekteer dit jou geheue?"

Getuie: "Ek vergeet."

Prokureur: "Jy vergeet? Kan jy ons 'n voorbeeld gee van iets wat jy vergeet?"

Prokureur: "Is jy seksueel aktief?"

Getuie: "Nee, ek lê maar net daar."

Prokureur: "Hoe is u eerste huwelik beëindig?"

Getuie: "Deur die dood."

Prokureur: "En deur wie se dood is dit beëindig?"

Prokureur: "Wat was die eerste ding wat jou man vir jou op daardie oggend gesê het?"

Getuie: "Hy het gesê: Waar is ek, Cathy?"

Prokureur: "En dit het jou baie ontstel?"

Getuie: "Ja, ek was baie ontsteld."

Prokureur: "En hoekom het dit jou so ontstel?"

Getuie: "My naam is Susan."